



LINKS: Leanne saam met haar man, Marc, en hul kinders, Gabriella en Alexandro, tydens 'n Kersvakansie in KwaZulu-Natal BO: Saam met haar "oggendman", wyle Vuyo Mbuli

## DIE VERLIES VAN VUYO

Die skielike dood 'n jaar gelede van haar "TV-man" van nege jaar, Vuyo Mbuli, was vir Leanne 'n geweldige skok. "Dis een van die ergste goed wat al met my gebeur het," sê sy. "Ons was baie geheg aan mekaar. Ons was Starsky en Hutch, Regis en Kelly. Volgens my het ons een van die beste skermverhoudings nóg gehad. Die program het eintlik baie oor ons twee gehandel en oor hoe ons gekommunikeer het – en skielik was hy nie meer daar nie."

Vuyo (46), wat nege jaar lank soggens vir haar koffie gebring het, het op Saterdag 18 Mei verlede jaar inmekaargesak terwyl hy 'n rugbywedstryd gekyk het. Hy is later weens bloedklonte in sy long in die Bloemfonteinse Medi-Clinic oorlede. "Ek was gebroke toe ek die tyding die Saterdagaand gekry het," onthou Leanne. Die Sondag het sy sy familie gaan besoek "en toe 'n oproep gekry wat gelui het: 'Jy moet môreoggend by die werk wees.' Ek het gesê: 'Julle grap seker?', maar hulle het geantwoord: 'Ons het jou nou meer as ooit nodig.' Ek het net gedink: 'Hoe gaan ek ooit hierdeur kom?' "

Daardie Maandag het Leanne vroeër as gewoonlik werk toe gegaan, haar grimering laat doen en na die *Morning Live*-stel gestap. "Ek het ingestap en sy leë stoel gesien met my stoel langsaan – en ek het besef dat hy nooit weer hier gaan instap nie. En tóé tref die werklikheid my hard. Ek het heeltemal beheer verloor. Ek het gehuil en gehuil en soveel uitgekry as wat ek kon. Dit was die beste ding wat ek kon doen, want anders sou ek nooit weer uitgesaai het nie." Sy het vinnig haar grimering oorgedoen en *Morning Live* het voortgegaan. "Ek kon nie eens die Autocue lees nie, so erg was dit. Ek het byna weer begin huil, maar dit reggekry om myself te beheer. Ek het van iewers af 'n innerlike krag gekry."

Die druk om alleen die program én die nasie se hoop aan die lewe te hou het swaar op haar gerus. "Dit was 'n baie moeilike jaar," sê sy eerlik. Ná die verlies is sy deur stresverwante siekte geteister, maar in tipiese Leanne-styl het sy voortgegaan en deurgedruk.

Leanne sê Vuyo het haar belangrike oorlewingstaktieke vir 'n TV-loopbaan geleer: om 'n dik vel te ontwikkel om onvermydelike openbare kritiek te hanteer en om te fokus op wat op die stel aangaan en nie in jou persoonlike lewe nie. "Hy was uiters professioneel. Hy het baie probleme gehad, maar jy sou nooit kon raai dat iets fout is nie," sê sy. "Ek mis Vuyo nog elke dag. Hy was so opgewek. Hy was vol grappies, het altyd geglimlag en was stóút! Hy het werk pret gemaak. Ons het altyd gesê dat ons so lank daar gebly en al die nonsens geduld het net sodat ons saam met mekaar kon werk. En mense was dol oor hom. Party mense het nog nie weer hul TV aangeskakel sedert hy oorlede is nie."

Sy is veral dankbaar vir haar man, Marc, se ondersteuning tydens dié beproewing. "Hy kon nie veel vir my doen terwyl ek uitgesaai het nie – dit was beslis die moeilikste tyd – maar